

3 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2:12-17

Fokusgedeelte: Openbaring 2:12

Jesus Christus het die skerp tweesnydende swaard

Kan Christus vir mense soos 'n vyand word? Ja, as jy jou nie bekeer nie sal Hy jou uitroei met die swaard van sy mond (Op 2:16). In Klaagliedere 2:5 lees ons: “Die Here het soos 'n vyand geword, Hy het Israel vernietig.”

In die gemeente in Pergamum was daar mense wat leerstellig gedwaal het, wat afgewyk het van die suiwere leer van die Skrif. En nou maak Christus Homself aan hulle op 'n dreigende en aanvallende manier bekend. Christus roep die gemeente op tot bekering. As hulle hulle nie bekeer nie, sal Hy hulle tref met die swaard wat Hy normaalweg teen hulle vyande gebruik. Hy sal hulle aanval met sy swaard (Op 2:16). Die Woord van God is die swaard van die Gees (Ef 6:17). Die Woord van God is ook in jou hand 'n wapen waarmee jy die bese aanvalle van Satan effektief kan weerstaan. As jy jou onder die gesag van die Woord stel is dit 'n magtige instrument in jou hande. Maar as jy jou nie by die Woord van God hou nie, word dieselfde Woord selfs vir jǒu baie gevaarlik – want die Een wat die Woord hanteer is Jesus Christus self! As jy opvattinge huldig en dinge doen en dink en sê wat nie strook met hierdie Woord nie, dan ... “sal Ek daardie mense bestry met die swaard van my mond” (Op 2:16).

“God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?” (Rom 8:31). Net so waar is egter ook: “Wie nie aan my kant is nie, is teen My” (Matt 12:30). Om teen God te wees, is lewensgevaarlik. Jy plaas jou ewige lewe op die spel. Jy kan jou vasloop teen die verskriklike swaard van Christus. Buig vandag tot in die fynste besonderhede van jou lewe onder die gesag van die Koning van die kerk!

Sing: Skrifberyming 14:1,2

Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)